
Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

# Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 82, Jaargang 2 04 September 2026 www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe




# ANC SOEK MEGA METRO

43% méér kandidate 03

Amazon sluit wittes uit 04

Boer is nie vir sissies nie 04

Marnitz skryf oor verbyvlugte 14



# ANC wil mag met megamunisipaliteit behou



Prof. André Duvenhage



Nomvula Mokonyane




Jaco Mulder

***Seugnet van Zyl***

Die ANC se die voorstel om 'n enorme megamunisipaliteit in Gauteng tot stand te bring deur die metrorade van Tshwane, Johannesburg en Ekurhuleni saam te smelt, is 'n poging is om die mag in hulle hande te hou.

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, sê die ANC is baie bekommerd dat hy een of selfs twee metropole kan verloor in die komende plaaslikeregeringsverkiesing.

"Hulle probeer almal bymekaar gooi om te kyk of hulle daardeur ruimte kan skep om hulle eie belangegroepe in te bring en daardeur beheer oor die gebied behou."

'n Onlangse meningspeiling deur die Social Research Foundation toon dat die ANC se steun landwyd tot 37% gedaal het. Luidens die peiling het die ANC se steun in Tshwane van 42% in Maart vanjaar na 32% Julie gedaal. In Johannesburg het die ANC slegs 18% steun behaal.

Nomvula Mokonyane, die ANC se eerste adjunksekretaris-generaal, het verlede week in 'n onderhoud die voorstel gemaak dat Johannesburg, Tshwane en Ekurhuleni in een enkele stadstreek saamgesmelt word.

"Dis 'n poging om beheer te behou en nie beheer hoef af te staan nie. Daardie drie metropole is die hart van die Suid-Afrikaanse ekonomie, daarom is politieke beheer daaroor van kernbelang," sê Duvenhage.

"Dis die sentrale motief vir dié voorstel. Dis ongetwyfeld nie dienslewering nie."

Duvenhage verduidelik dat die ANC dieselfde in Potchefstroom probeer doen het toe dié party nie 'n meerderheidsteun daar kon kry nie.

Jaco Mulder, die VF Plus se leier in Gauteng, sê die ANC se jongste voorstel is 'n bewys dat die party steeds die verkeerde probleem probeer oplos.

Volgens Mulder het Gauteng se inwoners nie groter munisipaliteite nodig nie, maar wel kleiner, meer doeltreffende en meer aanspreeklike plaaslike regerings.

"As 'n inwoner vandag sukkel om 'n lekkende waterpyp, rioolstorting, slaggat of vullisprobleem opgelos te kry, is die oplossing nie om die afstand tussen daardie inwoner en die besluitnemer nog groter te maak nie. 'n Megamunisipaliteit met miljoene inwoners sal plaaslike regering net verder van die gemeenskappe verwyder wat dit moet dien."

Mulder sê die VF+ glo dat metropolitaanse rade eerder gedesentraliseer moet word deur sterk, funksionele subrade met werklike besluitnemings- en uitvoerende bevoegdhede.

"Waar metro's te groot en onhanteerbaar geword het, moet selfs die moontlikheid van ontbondeling en die skepping van kleiner, meer verantwoordbare munisipaliteite ernstig ondersoek word. Strukture alleen gaan Gauteng nie red nie. Die werklike oplossing lê in die radikale herstel van munisipale funksionaliteit, die herstel van vervalle water-, riool-, pad- en kraginfrastruktuur asook vennootskappe met die privaat sektor waar dit doeltreffendheid kan verbeter."

Volgens Mulder het Gauteng nie 'n groter regering nodig nie, maar wel 'n beter regering.

"'n Mislukte stelsel moenie groter gemaak word nie. Dit moet kleiner, slimmer en meer funksioneel gemaak word." **N**

## Waar staan die plan vir 'n megametro?

Nadat die ANC se adjunksekretaris-generaal, Nomvula Mokonyane, gesê het dat munisipale grense vervaag het met inwoners wat gereeld tussen Johannesburg, Tshwane en Ekurhuleni reis, het die ANC se sekretaris-generaal gesê dat die samevoeging van die drie metro's in een megametro nog nie ANC beleid is nie.

Mbalula het wel toegegee dat dit 'n besprekingspunt binne die ANC is, maar nie 'n weerspieëling is van hoe die party die toekoms van plaaslike regerings sien nie. **N**

# Meer as 140 000 kandidate vir komende verkiesing

*James Kemp*

Teen die spertyd vir die nominasie van kandidate in die plaaslikeregeringsverkiesing het die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) 142 072 nominasies vir die 10 526 setels in die onderskeie munisipaliteite in die land ontvang. Dit is 43% meer as in die vorige verkiesing.

In die komende dae voor die OVK die finale kandidaatlyste op 16 September publiseer, sal daar seker gemaak word of die kandidate aan die wetlike vereistes voldoen en of die politieke partye en onafhanklike kandidate hulle deposito's betaal het.

Van die 142 072 kandidate is 40 241 kandidate deur politieke partye genomineer om vir proporsionele setels mee te ding en 100 856 om vir wyksetels mee te ding.

58% van die kandidate is tussen 36 en 55 jaar oud. 38% van die kandidate is vroue. 56% van die kandidate vir proporsionele setels is mans, terwyl 65% van die




wykskandidate mans is. Johannesburg het die meeste kandidate vir proporsionele setels met 80 politieke partye wat daar aan die plaaslikeregeringsverkiesing gaan deelneem. 72 politieke partye ding mee in die Tshwane Metro en 70 in eThekwini, 69 in Ekurhuleni en 55 in Kaapstad.

Van die 732 geregistreerde partye in die land het 546 kandidate vir die komende verkiesing genomineer. **N**

## Wat gebeur volgende?

Indien nodig, sal die OVK Vrydag agterstallige dokumentasie van die kandidate en politieke partye aanvra wat hulle tot en met Maandag kan indien. Teen 9 September sal die OVK aandui of daar kandidate is wat dalk as 'n kandidaat vir 'n party en onafhanklike kandidaat staan of op meer as een party se lyste verskyn. Die finale lyste sal dan op 16 September gepubliseer word.



# Boer is nie vir sissies nie

***James Kemp***

"Hou aan boer. Hou aan produseer."

Dit was die woorde van die TLUSA se president, Henry Geldenhuys, tydens dié landbou-organisasie se jaarlikse kongres wat die afgelope week in Pretoria plaasgevind het.

Geldenhuys sê ten spyte van moeilike omstandighede soos lae beleggers-vertroue en hoë werkloosheidsyfers, moet boere steeds aanhou om kos te produseer.

"'n Land kan vinnig invoer, maar hy kan nie die verantwoordelikheid van voedselsekerheid uitkontrakteer nie."

Geldenhuys sê verder dat die Suid-Afrikaanse regering ook nie kan voortgaan om ideologie bo verantwoordelike ekonomiese beleid plaas nie.

Die minister van Landbou, Willie Aucamp, het tydens die kongres gesê dat die verskillende organisasies in die landbousektor en die departement nie altyd met mekaar oor alles gaan saamstem nie, maar met mekaar sal moet saamwerk om 'n meer veerkragtige landbousektor te bou waar almal in vrede kan boer.

"Boer is nie vir sissies nie. Boer is lekker, maar dis nie maklik nie. Boer is ook nie net boer nie. Dit is 'n roeping."

Aucamp sê hy beskou sy taak as minister van Landbou as 'n roeping en dat hy diensbaar voor die boere by die kongres staan. Hy sê verder dat indien die departement en boere kan saamwerk, onnodige en omslagtige regulasies uit die weg geruim kan word.

"Ons hoef nie oor alles saam te stem nie, maar ons moet die wa saam deur die drif trek."

Met betrekking tot bek-en-klouseer sê Aucamp dat die stryd nog nie gewen is nie, maar dat die landboubedryf op 'n beter plek is omdat die privaat sektor by die stryd betrek is.

"Die stryd lê voor en ons gaan aanhou om daardie stryd te stry."

Aucamp sê landelike veiligheid behoort 'n prioriteit te wees en dat hy van mening is dat landelike misdade, soos plaasmoorde en veediefstal, as prioriteitsmisdade geklassifiseer moet word.

"Hoe kan jy jou roeping uitleef as jy dit nie veilig kan doen nie? Ons boere moet veilig kan wees. En kom ons wees eerlik – die regering in die verlede het jou in die steek gelaat. Ons het boere wat wil saamwerk, maar dan moet die regering hulle kant bring." **N**





*Bennie van Zyl, Willie Aucamp en Henry Geldenhuys*

# Solidariteit gaan "wit uitsluiting" by Amazon ondersoek

***Redaksie***

Solidariteit sê hulle gaan berigte ondersoek dat die Amerikaanse tegnologiereus Amazon ondernemings op grond van hul eienaars se ras van 'n sakeontwikkelingsprogram in Suid-Afrika uitsluit.

Solidariteit sê in 'n verklaring dat Amazon Web Services (AWS) se Ekwiteits-ekwivalente-beleggingsprogram (EEIP) dit as 'n uitdruklike deelnamevereiste stel dat 'n onderneming 100% in swart besit moet wees. Dit beteken dat 'n onderneming reeds van die program uitgesluit word indien 'n wit persoon 'n aandeelhouer daarvan is.

Op sy webblad beskryf Amazon die program as deel van sy strewe om "diversiteit en insluiting" te bevorder. *(sien skermskoot op bladsy 5)*. Solidariteit meen egter dat daar niks divers of inklusief is aan 'n program waar die ras van 'n eienaar bepaal of sy onderneming toegang tot ekonomiese geleenthede kry nie.

Solidariteit sê hulle sal die program, die toelatingsvereistes en moontlike remedies deeglik ondersoek, en indien dit blyk dat die program inderdaad op absolute rasse-uitsluiting neerkom, die organisasie daarteen sal optree.


Volgens Solidariteit beroep Amazon, as 'n Amerikaanse multinasionale maatskappy, hom wêreldwyd op gelykheid en insluiting.

"Dit is daarom veral kommerwekkend indien 'n program in Suid-Afrika bedryf word wat ondernemings op grond van die velkleur van hul eienaars uitsluit."

*Na bladsy 5*

# Solidariteit gaan "wit uitsluiting" by Amazon ondersoek (Vervolg)

*Van bladsy 4*


**Fostering Diversity and Inclusion in the South African AWS Partner Ecosystem**

Amazon's mission is to be earth's most customer-centric company. We foster diversity and inclusion globally and look for ways to amplify underrepresented voices and empower diverse communities.

The Amazon Web Services Equity Equivalent Investment Program (AWS EEIP) is an 18-24-month enablement and acceleration program for South African Black-Owned small and medium enterprises (SMEs) who want to build their AWS business and grow as partners in the AWS Partner Network (APN).

We recognize the challenges that SMEs have in accessing low-cost funding, accessing markets and connecting with buyers, building networks and developing and enabling their people. Whether you are new to cloud or need help accelerating your AWS partner journey, the AWS EEIP offers a range of benefits to help you grow your business, enable your team and become a Validated partner in the APN.

*'n Skermskoot van Amazon se webblad waarin die program aangekondig word.*

Solidariteit sê ras mag nie 'n toegangs-kaartjie tot ekonomiese geleenthede wees nie en dat absolute uitsluiting bloot op grond van ras juis die soort praktyk is waarteen Solidariteit hom plaaslik én internasionaal verset.

"Multinasionale maatskappye kan nie een stel waardes oor gelykheid en nie-diskriminasie aan die wêreld verkondig en dan in Suid-Afrika 'n ander maatstaf toepas nie. Waar absolute rassegrense toegepas word, sal Solidariteit dit ondersoek en, waar nodig, met mening daarteen optree."

Amazon het in reaksie op navrae van Nuusweek gesê dat die ontwikkelings-program een van die maniere is waarop die maatskappy aan die land se vereistes vir breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging voldoen. Amazon het in 'n e-pos aan Nuusweek gesê dat alle maatskappye wat sake in Suid-Afrika doen, ekonomiese deelname onder swart Suid-Afrikaners moet bevorder. Amazon sê dat daar wel ander programme is waar-aan maatskappye, wat nie aan die land se swartbemagtigingsvereistes voldoen nie, kan deelneem.

Volgens Amazon het die ontwikkelings-program sedert 2020 reeds 47 maat-skappye in swart besit bygestaan met onder meer opleiding, operasionele befondsing en ondersteuning om markaandeel te verkry.

Die hoof van Solidariteit se Navorsingsinstituut, Connie Mulder, sê egter dat daar baie ruimte vir onderhandeling is met 'n program soos dié. "Ek dink jy sou 'n sterk argument kon voer wat sê ons werk met klein organisasies, maar dan sit hulle bo-op dit by dat jy klein moet wees én swart én jy mag nie swart aandeelhouding deur middel van skuld doen nie." **N**

# VF Plus stel Gauteng burgemeesterskandidate bekend

***Redaksie***




*Jaco Mulder*

Die VF Plus sal in vanjaar se plaaslikeregeringsverkiesing burgemeesterskandidate in elke metro en munisipaliteit in Gauteng, wat distriksmunisipaliteite insluit, verkiesbaar stel. Die party sal verder ook kandidate in elke wyk in die provinsie op die stembrief hê.

Die VF Plus se provinsiale leier in Gauteng, Jaco Mulder, het tydens 'n mediakonferensie gesê dat die provinsie se inwoners genoeg gehad het van vervalle infrastruktuur, water- en kragonderbrekings, rioolstortings, slaggate, swak finansiële bestuur en politieke onstabiliteit.

Mulder sê munisipaliteite behoort ekonomiese enjins te wees wat investering, ontwikkeling en werkskepping moontlik maak. In te veel gevalle het hulle egter remskoene vir groei geword.

"Die herstel van Gauteng se ekonomie begin daarom by die herstel van plaaslike regering."

Mulder sê die kandidate bring 'n kombinasie van ervaring, plaaslike kennis, leierskap en 'n verbintenis tot verantwoordbare regering na die tafel.

"Hulle verstaan dat 'n burgemeester nie aangestel word om 'n titel te dra nie, maar om verantwoordelikheid vir resultate te aanvaar. Wat aan Gauteng se politieke landskap gebied word, is stabiliteit, betroubaarheid en beginselvaste samewerking."

Die VF Plus sal ook beskikbaar wees om stabiele koalisies te help vorm waar geen party alleen kan regeer nie.

"Die VF Plus het hom reeds gevestig as 'n gedissiplineerde en konstruktiewe koalisievennoot wat ooreenkomste respekteer en dienslewering bo politieke speletjies stel. Die benadering is eenvoudig: Munisipaliteite moet terugkeer na hul kernfunksies. Water moet vloei, ligte moet brand, rioolstelsels moet werk, paaie moet onderhou word en vullis moet verwyder word."

Mulder sê korrupsie en vermorsing moet plek maak vir kundigheid, finansiële dissipline en aanspreeklikheid en waar kapasiteit ontbreek, moet vennootskappe met die privaat sektor en gemeenskappe benut word om infrastruktuur en dienslewering te herstel.

"Na die verkiesing van 4 November 2026 staan die VF Plus gereed om 'n groter en sterker rol in Gauteng se munisipale regerings te speel. Dit gaan nie bloot oor kandidate nie, maar oor leierskap, stabiliteit en 'n werkbare plan vir herstel. Dit is ons tyd om plaaslike regering te herstel." **N**

# Eskom sit met 'n oorskot



***Marelize Maré***

Eskom sê 'n dalende elektrisiteitsvraag het tot 'n oorskot aan krag gelei, namate meer verbruikers na hernubare energie oorskakel.

Die kragverskaffer ondersoek nou nuwe markte vir dié kapasiteit, onder meer deur meer elektrisiteit aan buurlande en datasentrums te verkoop.

Eskom se voorsitter, Mteto Nyati, sê die onderneming moet egter ook sy koste verlaag en elektrisiteit bekostigbaar hou om groter nywerheidsvraag te lok.

Eskom het vir die instelling 'n teiken gestel om R112 miljard se koste te bespaar.

Nyati sê goedkoper elektrisiteit kan ondernemings aanmoedig om in Suid-Afrika te belê en uit te brei. **N**

# Lig in Duisternis Uitgewers-vereer skrywers

***Liezil van der Schyff***

Die wenners van die Lig in Duisternis Uitgewers-pryse vir die laaste vier jaar (2022-2025) is op Woensdag 2 September tydens 'n glansgeleentheid by die APK Wonderboom bekendgemaak. Die pryse, wat tydens die sinode van die AP Kerkverband 2026 uitgedeel is, erken uitstekende bydraes op verskeie terreine van Christelike skryfwerk.

Volgens ds. Schalk Strauss, publikasiehoof van Lig in Duisternis Uitgewers, was dit 'n voorreg om hierdie pryse toe te ken.

"Dit is verblydend dat skrywers aanhou om Afrikaanse en Christelike tekste te skryf wat 'n betekenisvolle impak op die lesers het." Naas die kategoriewenners is daar ook spesiale vermeldings gemaak. In die kategorie vir 'n artikel in Die Boodskapper is prof. J.A.E. Adendorff vereer vir "Eden as tempel, die tempel as Eden" (Mei 2024), terwyl proff. C.A. Swanepoel en J. Bosman 'n spesiale vermelding in die kategorie Teologies/filosofies/akademies ontvang het vir "Tussen doop en nagmaal".

Die beoordelaars van vanjaar se pryse was proff. Gerrit Smit, Alwyn Swanepoel en lede van die Publikasiekommissie (Artikel in Die Boodskapper en Dagstukkies), di. Pieter le Roux, Theo Danzfuss en Alana Bailey (Teologies/filosofies/akademies), interne beoordelaars (Niefiksie), Charlotte Fourie, Zelda Brits en Hannekie Verwoerd (Kinderboeke), en Christa Meyer en Marica du Preez (Vertaalwerke).

Die wenners in elke kategorie is soos volg:

**Artikel in Die Boodskapper**
Prof. H.G. Stoker, vir "Christelike getuienis teenoor 'n Moslemnaaste" (Julie/Augustus 2024)

**Dagstukkies**
Ds. P.R. Buitendag, vir Dagstukkies (Oktober 2025)

**Vertalings**
Mev. C Möller, vir Troue God

**Niefiksie**
Ons Tuis, vir Dek die tafel

**Kinderboeke**
Dr. A.J. Swanepoel, vir Die katte van Kathu sit hul dorp oppi mêp

**Teologies/filosofies/akademies**
Ds. F. Bijzet, vir Tussen doop en nagmaal

**Algehele pryswenner**
Dr. A.J. Swanepoel, met Die katte van Kathu sit hul dorp oppi mêp








# IRR bekommerd oor lugmagbasis

Redaksie




Die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRR) is bekommerd oor die Waterkloof-lugmagbasis nadat die basis se operasionele gereedheidsgrondslag as 'n hoë risiko geklassifiseer is. Nie 'n enkele eskader is glo gevegsgereed nie en die enigste diensbare Hercules C-130-vliegtuig kan na bewering slegs beperkte vlugte binne die landsgrense onderneem weens 'n foutiewe klankbestuurstelsel. Slegs 170 uit die 670 voertuie by die basis is in 'n werkende toestand en sekuriteit by sommige wapenopslagplekke is swak.

Dit laat groot kommer ontstaan oor die Suid-Afrikaanse Lugmag se operasionele gereedheid om doeltreffend op krisisse te reageer.

Volgens die IRR se Ricardo Teixeira is die probleme deel van 'n breër agteruitgang in die land se vermoë om sy lugruim te verdedig. **N**

## Verdagte in moord op Charlie Kirk sal teregstaan

***Marelize Maré***

'n Regter in die Amerikaanse deelstaat Utah het beslis dat 23-jarige Tyler Robinson tereg moet staan vir die beweerde moord op die politieke aktivis Charlie Kirk.



Kirk is op 10 September verlede jaar tydens 'n saamtrek by 'n universiteitskampus in die nek geskiet en het op 31-jarige ouderdom gesterf.

Robinson kan die doodstraf opgelê word indien hy skuldig bevind word.

Die vervolging het onder meer video-speletjie-kletse en teksboodskappe voorgelê wat volgens hulle daarop dui dat Robinson Kirk vermoor het omdat hy genoeg gehad het van die sogenaamde haat wat Kirk versprei het.

Die verdediging het die geldigheid van DNS-bewyse wat Robinson met die moordwapen verbind, bevraagteken. **N**

# Meer as R500 000 ingesamel vir pad in Orania



***Redaksie***

Orania se skarefinansieringsprojek vir infrastruktuur het reeds meer as R540 000 se skenkings ontvang. Dié fondsinsameling het ten doel om 'n grondpad in Orania "blokkie vir blokkie" te teer. Die teer van die pad, wat Orania se hoofpad met gewilde vakansiebestemmings langs die Oranjerivier verbind, word deur Orania se ondersteuners met skarefinansiering befonds.

Die projek is aangekondig nadat die Orania Dorpsraad R600 000 op 'n vorige projek bespaar het, en daarmee die nuwe ontwikkeling begin het.

Die uitvoerende hoof van die Orania Beweging, Joost Strydom, het aan Nuusweek gesê die steun van die projek kom van regoor die land en selfs van oor die wêreld.

"Ons ontvang bydraes van verskillende plekke in Suid-Afrika maar so ook van Amerikaners, Vlaminge en ander mense wêreldwyd."

Strydom sê 'n projek soos dié gryp Afrikaners se verbeelding aan.

"Ons is besig met 'n reuseprojek. Ons is besig om skarefinansiering vir vryheid-infrastruktuur moontlik te maak. En ons bou nie net vir die 3 000 mense wat hier woon, vir die paar honderd kinders wat hier op skool is of die paar honderd studente wat hier studeer nie. Ons bou vir honderde en duisende Afrikaners wat hoop en bid vir 'n uitkoms."

Die projek, wat ondersteuners aanmoedig om 'n vierkante meter of meer van die pad te borg, het reeds 25% van sy doelwit bereik. **N**

# Lamb Champs Bloemfontein kroon sy kampioene

*Redaksie*

Lamb Champs is die afgelope naweek vir die eerste keer in Bloemfontein aangebied waar 61 familieboere by Toyota Stadion meegeding het om te bepaal wie se lam as die lekkerste in die streek gekroon sou word.

Sowat 3 000 mense het Lamb Champs Bloemfontein bygewoon, 'n dag wat Suid-Afrikaanse landbou, kos, vermaak en sport gevier het, met die fokus op die boere wat van die land se beste lamsvleis produseer.

Aan die einde van die kompetisie is Paul van Rooyen van Rouxville in die Vrystaat, wat met Meatmasterskape boer, as die 2026 Lamb Champs Bloemfontein-kampioen gekroon.

Die oorwinning het ook 'n eerste in Lamb Champs se geskiedenis opgelewer, met Van Rooyen wat die eerste voormalige Lamb Champs-wenner geword het om weer 'n Lamb Champs-kompetisie te wen.

Hendri Punt en Jess Kessel van Dewetsdorp in die Vrystaat, wat met SAVM-skape boer, het tweede geëindig, terwyl Janri Brits van Winburg in die Vrystaat, wat met Merinoskape boer, die derde plek ingeneem het.

Die uitslag het vanjaar bykomende betekenis gehad, aangesien die eerste- en tweedeplekwenners outomaties vir die Suid-Afrikaanse span gekies is wat op 31 Oktober 2026 tydens die eerste Lamb Champs Invitational in Pretoria teen Namibië sal meeding.

Die Namibiese span wat aan die Lamb Champs Invitational gaan deelneem, sal op 18 September 2026 amptelik in Windhoek aangekondig word, wat die weg sal baan vir die eerste kragmeting tussen Suid-Afrika en Namibië later vanjaar.

Hennie Jonker, die algehele wenner van Lamb Champs 2025, het reeds met sy Hampshire Down vir die Suid-Afrikaanse span gekwalifiseer.

Gerhard en Jani Lourens van Gauteng, wat met Persiese skape boer, en Daan en Tharin Malan van Bethal, Mpumalanga, wat met Dormers boer, het hul plekke deur Lamb Champs Pretoria verseker.

Gawie van Heerden is as kaptein van die Suid-Afrikaanse span aangewys.

Die finale Suid-Afrikaanse span van tien sal bestaan uit die 2025 nasionale kampioen, die toptweeboere uit die Pretoria-, Bloemfontein- en Boland Lamb Champs-kompetisies, asook drie kapteinskeuses.




Paul van Rooyen

Ná die Bloemfontein-uitslae bestaan die Suid-Afrikaanse span tans uit:

**Hennie Jonker, 2025 Lamb Champs nasionale kampioen, Hampshire Down**

**Gerhard en Jani Lourens, Gauteng, Persies**

**Daan en Tharin Malan , Bethal, Mpumalanga, Dormer**

**Paul van Rooyen, Rouxville, Vrystaat, Meatmaster**

**Hendri Punt en Jess Kessel, Dewetsdorp, Vrystaat , SAVM**

Die oorblywende twee outomatiese kwalifiserende plekke sal by Lamb Champs Boland bepaal word, waarna Van Heerden se drie kapteinskeuses die Suid-Afrikaanse span sal voltooi.

Francois Rossouw, uitvoerende hoof van Saai en stigter van Lamb Champs, sê die Bloemfontein-kompetisie het presies gewys waarom die konsep aanhou groei.

"Lamb Champs begin met 'n baie eenvoudige vraag: Watter boer produseer die lekkerste lam? Maar rondom daardie vraag kon ons 'n platform bou waar familieboere hul produkte direk voor duisende verbruikers kan plaas. Met 61 boere wat deelgeneem het en sowat 3 000 mense wat Lamb Champs Bloemfontein bygewoon het, wys dit dat mense wil weet wie hul kos produseer en dat hulle die boere daaragter wil ondersteun."

Rossouw sê daar is vanjaar ook iets veel groter op die spel.

"Ons eerste- en tweedeplekwenners verlaat Bloemfontein nie net met 'n Lamb Champs-uitslag nie; hulle het die geleentheid verdien om Suid-Afrika op 31 Oktober teen Namibië te verteenwoordig. Dit voeg 'n heel nuwe dimensie tot die kompetisie toe."

Tessa Chamberlain, hoof van Strategiese Vennootskappe by Pick n Pay, sê die kleinhandelaar se betrokkenheid by Lamb Champs is daarop gerig om familieboere te ondersteun en geleenthede vir hulle te skep om toegang tot die mark te verkry.

"Ons betrokkenheid by Lamb Champs gaan daaroor om familieboere te ondersteun en aan hulle direkte toegang tot die mark te gee. Dit is die boere wat ons nie kan bekostig om te verloor nie, omdat hulle van kritieke belang vir Suid-Afrika se voedselsekerheid is. Voedselsekerheid bly 'n intense fokus vir ons as onderneming. Ons het doelbewus sleutelkategorieë van voedsel geïdentifiseer waar ons die grootste verskil kan maak, en lamsvleis is een daarvan, sodat Suid-Afrikaners steeds toegang het tot uitstekende gehalte kos wat geproduseer word deur die boere wat dit die beste ken."

Die aandag verskuif nou na die oorblywende Lamb Champs-geleenthede en die voltooiing van Span Suid-Afrika voor die Lamb Champs Invitational: Suid-Afrika teen Namibië, wat op 31 Oktober 2026 in Pretoria plaasvind. **N**

Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

Nuusweek

Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.



Eskom sê ’n dalende elektrisiteitsvraag het tot ’n oorskot aan krag gelei, namate meer verbruikers na hernubare energie oorskakel. Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:

**Johan van Drimmelen**

Deur die eeue heen het “die Wet van Groter Opbrengs” vir groeiende ekonomieë gegeld. Dit geld nog steeds. Maar Eskom en munisipaliteite se inhaligheid ignoreer dit vir dekades alreeds. En daarom sal hulle tot niet gaan. Die skrif is aan die muur.

**Johan Stapelberg**

Maar nou kan die pryse mos afkom, of hoe?

**Annemarie Friedman**

Net so want die meeste mense het sonkrag.



**Jan Grobler**

Sodra daar n oorskot is, behoort die pryse af te kom om verbruik te stimuleer.

**Satie Raath**

Wat het julle verwag? Dat ons hande gevou sou sit en krepeer?


**Riaan Coffee**

Met hulle duur pryse het hulle hulself uit die mark geprys.

**Eben du Plessis**

Vraag en aanbod – Verlaag jul pryse sodat minder mense oorskakel na hernubare energie.

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Alle Europese oë Sondag op Sakse-Anhalt

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Wat het George Frideric Handel, komponis van meesterstukke soos die Messias, die filosoof Friedrich Nietzsche, vader van die Reformasie Martin Luther, die Ysterkanselier wat Duitsland verenig het, Otto von Bismarck en Keiser Otto I die Grote, die eerste keiser van die Heilige Romeinse Ryk in gemeen? Hulle is almal gebore in die hedendaagse Duitse deelstaat, Sakse-Anhalt. By hierdie groot name kan nog wêreldbekende argitekte, 'n medestigter van YouTube en 'n bekende Nobelpryswenner gevoeg word.

Vir baie mense wat nie aldag met die geografie, geskiedenis en name van Duitse deelstate, streke en historiese aartsbisdomme en ryke besig is nie, sou die naam Sakse-Anhalt tot onlangs onbekend wees. Dit is immers een van die minder bekende van Duitsland se sestien deelstate. Met 'n dalende bevolking van tans 2,1 miljoen mense, geen groot en bekende stad of bedryf nie, 'n redelike landelike karakter en 'n ligging effens verwyderd van die groot politieke, ekonomiese en geografiese knooppunte van moderne Duitsland, is Sakse-Anhalt 'n soort halfvergete, effens verwaarloosde kind met 'n ryk verhaal.

*Die party loop reeds al vir maande voor in alle nasionale peilings in Duitsland.*

Eerskomende Sondag sal kiesers in Sakse-Anhalt na die stembus gaan in hul vyfjaarlikse deelstaatsverkiesing om lede vir die deelstaat se Landtag, of streeksparlement, te verkies. Die afgelope vyf jaar het 'n koalisie van die Christen-Demokrate, die Sosiaal-Demokrate en die Vrye Demokrate in die hoofstad Magdeburg regeer. Dié koalisie is egter baie ongewild en al drie partye gaan Sondag 'n reuseloesing by die stembus kry. Die CDU se steun kan van 27% in die 2021-verkiesing tot net meer as 20% daal. Die SPD se steun gaan na verwagting, soos in 2021, onder 10% bly, en die FDP, wat in 2021 nog 6,4% van die stemme gewen het, gaan Sondag sy verteenwoordiging in die streeksparlement verloor.

Daar bestaan geen twyfel meer oor wie die groot wenner van Sondag se verkiesing gaan wees nie. Die regspatriotiese en anti-immigrasieparty, die Alternatief vir Duitsland (AfD), loop reeds vir drie jaar voor in alle peilings. Die afgelope paar maande het die party se steun nooit tot onder 40% in peilings gedaal nie. Die AfD sal eerste eindig, maar die vraag is of die party 'n volstrekte meerderheid van setels kan wen. Daarvoor moet die party waarskynlik minstens 43% van die stemme op hom verenig. In sommige peilings staan die AfD wel op 43%. In andere net-net minder as dit. Soos in alle Duitse deelstate word byna die helfte van die setels in kiesafdelings verower en die res op 'n proporsionele lys, met partye met minder as 5% steun wat uitgeskakel word en dus geen verteenwoordiging kry nie. Die reël is breedweg dat wanneer 'n party 43% of meer van die stemme wen, hy meer as 50% van die setels sal inpalm.

Die AfD is nie net in Sakse-Anhalt gewild nie. Die party loop reeds al vir maande voor in alle nasionale peilings in Duitsland. Die mees onlangse peiling wat Sondag bekend gemaak is, plaas die AfD nasionaal op 29% steun, met die CDU tweede op 20,5%. Die AfD het verlede jaar op 23 Februarie, in die mees onlangse federale verkiesing tweede geëindig toe die CDU 28,5% van die stemme gewen het. Die AfD kon in daardie verkiesing sy steun van 10,4% tot 20,8% verdubbel.

*Sondag se verkiesing kan 'n groot keer-punt vir Duitsland beteken.*

Tot dusver het daar vanjaar verkiesings in vier Duitse deelstate plaasgevind. Hoewel die AfD se sterkste steun in die voormalige Oos-Duitsland en dus in deelstate soos Sakse-Anhalt, Brandenburg, Sakse, Thuringia en Mecklenburg-Voorpommere geset is, het die party se steun tot dusver vanjaar ook in die weste van Duitsland skerp gegroei.

Op 8 Maart het die AfD die tweede plek in Beiere ingeneem toe dié party se steun van 4,75% tot 12,23% gestyg het. Op dieselfde dag het die AfD ook in Baden-Württemberg gegroei, van 9,7% tot 18,8%. 'n Week later het die AfD se steun in Hesse gegroei van 6,9% tot 14,8% en op 22 Maart het die AfD in Rynland-Palts sy steun dramaties laat styg van 8,3% tot 19,5%. Na Sondag se verkiesing in Sakse-Anhalt lê daar ook nog later hierdie maand verkiesings in die deelstate Berlyn en Mecklenburg-Voorpommere voor.

Die AfD is egter nog altyd op federale vlak, sowel as in alle deelstate en selfs op munisipale vlak, uit regerings gehou. Alle ander politieke partye in Duitsland werk telkens saam om te verseker dat die AfD nie deel van 'n koalisieregering vorm nie, en waar dit al gebeur het dat konserwatiewe faksies van die CDU op plaaslike vlak met die AfD wou saamwerk, is raadslede geskors en hul politieke loopbane beëindig. Dit alles kan Sondag verander sou die AfD 'n volstrekte meerderheid in Sakse-Anhalt wen.

Hierdie historiese verkiesing sluit egter mooi aan by groot historiese gebeurtenisse uit hierdie besonderse deelstaat se geskiedenis. Die dapper oorloë van Otto I, die dapper optrede van die vader van die Reformasie Martin Luther toe hy sy 95 stellings in Wittenberg in Sakse-Anhalt op die kerkdeur gaan vasspyker het en die dapper dade van die mense van die streek tydens die Dertigjarige Oorlog om die Protestantisme teen die Katolieke aanslag te verdedig, was alles belangrike keerpunte in die geskiedenis, nie net van hierdie streek nie, maar ook van Duitsland en die hele Europa.

*Na bladsy 12*

## Alle Europese oë Sondag op Sakse-Anhalt (vervolg)

*Van bladsy 11*

Sondag se verkiesing kan 'n groot keerpunt vir Duitsland beteken. Kiesers in Sakse-Anhalt gaan Sondag stem teen massa-immigrasie, ekonomiese stagnasie, die verval van Duitsland se nasionale identiteit, die voortdurende styging in lewenskoste en, in die besonder, die miskenning van die talle streke regoor Duitsland wat dikwels die prys vir politieke en ekonomiese besluite in plekke soos Berlyn en Frankfurt moet betaal, terwyl die wil van die Duitse bevolking daardeur misken word. Dit is dus 'n protesstem teen 'n elite wat die Duitse kultuur, karakter en tradisies voortdurend vernietig, kernkragstasies sluit en sonplase op landbougrond oprig, grense oopgooi vir miljoene immigrante uit Moslemlande en Afrika wat die welsynstaat in Duitsland kom leeg tap, misdaad pleeg en parallele veroweringsamelewings kom vestig, Duitsland op 'n gevaarlike pad na konfrontasie met Rusland stuur en, weens jarelange onderspandering op infrastruktuur en die aftakeling van Duitsland se unieke werkkultuur wat hom van ander groot ekonomieë kon onderskei, die land se ekonomie laat stagneer het. Wat ook al die uitslag Sondagaand gaan wees – verwag dat hierdie klein, onbekende deelstaat vir 'n opskudding, maar moontlik ook 'n noodsaaklike herbelying van Duitse en Europese politiek verantwoordelik gaan wees. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Produkdiefstal in die landbou: 'n Stille aanslag op boer én bord

BOER TOT BORD
Bennie van Zyl

Die landbouwaardeketting het twee noodsaaklike rolspelers: die produsent (boer) en die verbruiker (mark). Sonder hulle het die res van die waardeketting geen rol om te speel nie.

Wanneer daar oor misdaad in die landbou gepraat word, word die gesprek dikwels beperk tot veediefstal en plaasaanvalle. Die werklikheid is egter veel groter. Produkdiefstal, van vee, graan en groente tot diesel, kunsmis, chemikalieë, medisyne en saad, het ontwikkel tot 'n ernstige bedreiging vir die volhoubaarheid van landbou en, uiteindelik, vir Suid-Afrika se voedselsekerheid.



Die omvang van veediefstal alleen behoort ons tot kommer te stem. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens is 25 606 klagtes oor veediefstal in die 2024/25-boekjaar aangemeld, waarby ongeveer 190 000 stuks vee betrokke was. Die direkte verlies aan beeste, skape en bokke is vir dieselfde tydperk op minstens R880 miljoen bereken. Hierdie syfers vertel egter nie die hele verhaal nie, omdat daar ook onderrapportering plaasvind. Die Departement van Landbou het in 2025 daarop gewys dat slegs ongeveer 30% van veediefstalvoorvalle wel aangemeld word.

Maar waar vind hierdie diefstal plaas? In werklikheid kan dit op feitlik enige punt in die landbouwaardeketting gebeur. Elke punt waar dit verhandel en/of vervoer word, is kwesbaar.

Die eerste kwesbare punt is op die plaas self. Vee kan uit kampe of krale gesteel word, terwyl graan, mieliekoppe, vrugte en groente direk vanaf lande en pakhuise verwyder word. Daar is ook diefstal van toerusting, pompe, besproeiingsinfrastruktuur, kabels en ander plaasbates. SAPD identifiseer onder meer diefstal van vee, mielies, sojabone, sonneblomme, diesel, landbougereedskap, toerusting en infrastruktuur as probleme wat die landbousektor raak.

Die tweede kwesbare punt is tydens vervoer. Produkte wat vanaf die plaas na 'n silo, abattoir, varsproduktemark, koöperasie, verwerker of verspreidingsentrum beweeg, het 'n waarde wat dit aantreklik maak vir georganiseerde misdaad. Vragte produkte of insette onderweg na die markte word onderskep of gedeeltelik afgelaai.

Die derde punt is by berging en verspreiding. Silo's, pakhuise, koelkamers en ander bergingsfasiliteite bevat groot hoeveelhede waardevolle produkte. Dieselfde geld vir landbou-insette soos kunsmis, saad, chemikalieë en veeartsenykundige medisyne. Hier raak die probleem selfs meer kompleks, want die diefstal van 'n insetmiddel kan die volgende produksieseisoen beïnvloed.

Diesel is 'n goeie voorbeeld. 'n Boer kan nie plant, besproei, oes of produkte vervoer sonder brandstof nie. Wanneer diesel gesteel word, verloor die boer dus nie net die waarde van die diesel nie (wat in baie gevalle op skuld verkry is), hy verloor

*Na bladsy 13*

# Produkdiefstal in die landbou: 'n Stille aanslag op boer én bord (Vervolg)

*Van bladsy 12*

ook produksietyd. 'n Trekker wat nie kan werk nie, kan 'n plant- of oesvenster laat verbygaan. Dieselfde beginsel geld vir gesteelde saad, kunsmis of chemiese produkte.

Die impak op die boer is daarom veel groter as die onmiddellike randwaarde van die gesteelde produk. Daar is die direkte finansiële verlies, maar ook verhoogde versekerings- en sekuriteitskoste, produksieverliese, herstelwerk en die koste om infrastruktuur te vervang. Veediefstal kan kleiner veeboere se ekonomiese welstand en lewensbestaan ook erg benadeel.

Daarby kom die menslike koste. 'n Boer wat voortdurend moet wonder of sy vee, diesel, toerusting of oes veilig is, boer onder geweldige druk. Sekuriteit word 'n noodsaaklike produksiekoste eerder as 'n keuse. Dit kan uiteindelik daartoe lei dat boere minder produseer, sekere ondernemings staak of eenvoudig nie meer die risiko wil neem om verder uit te brei nie.

Hierdie probleem raak uiteindelik elke verbruiker.

Wanneer 'n boer se koste styg en sy produksie afneem, verdwyn daardie koste nie. Dit beweeg deur die waardeketting. Hoër sekuriteitskoste, verlore produksie, vervanging van infrastruktuur, hoër versekering en gesteelde insette verhoog die koste van voedselproduksie. As die aanbod van 'n produk terselfdertyd verminder, kan dit verdere prysdruk veroorsaak.

Die verbruiker betaal dus uiteindelik 'n deel van die prys vir 'n misdaad wat hy of sy nie gepleeg het nie.

Dit is waarom produkdiefstal in die landbou nie bloot as 'n "plaasprobleem" beskou kan word nie. Dit is 'n voedselveiligheids-, ekonomiese en gemeenskapsprobleem. Wanneer vee gesteel word, verminder die beskikbare aanbod van vleis, melk en ander diereprodukte. Die minister van Landbou het juis gewaarsku dat veediefstal 'n bedreiging vir voedselsekerheid is omdat dit die aanbod van hierdie produkte verminder.

Die antwoord lê daarom nie slegs by die boer nie. Die hele waardeketting; van produsent en vervoerder tot verwerker, handelaar, polisie en verbruiker, het 'n belang by die bekamping daarvan. Beter opsporing, sterker samewerking tussen boere en die polisie, doeltreffender beheer van vee- en produkbewegings, tegnologie, naspeurbaarheid en streng optrede teen georganiseerde sindikate is noodsaaklik.

Ons moet uiteindelik besef: Wanneer iemand 'n skaap, mieliekop, vrag groente, liter diesel of sak saad steel, steel hy nie net van 'n boer nie. Hy haal 'n klein stukkie uit die voedselketting van die hele land.

Produkdiefstal in die landbou is dus nie 'n klein verlies wat bloot deur die produsent geabsorbeer kan word nie. Dit is 'n stille belasting op landbou, 'n bedreiging vir produksie en 'n koste wat uiteindelik op die tafel van die Suid-Afrikaanse verbruiker beland.

Om die boer te beskerm, beteken uiteindelik om die voedselketting en die verbruiker te beskerm. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*







# Verbyvlugte by sportgeleenthede – Word dit te ver gevoer?

REPLIEK
Heinrich Marnitz



[Foto: Wessel Oosthuizen]




Die afgelope naweek se ultralae verbyvlug oor die DHL Stadion in Kaapstad het die sportwêreld in rep en roer gehad het.

Verduidelikings oor die veiligheids-maatreëls wat getref is, asook oor die kundiges wat by die beplanning betrokke was, het nie die beswaardes oortuig nie.

Ongelukkig het die nadraai baie van die euforie oor die spannende Springbokoorwinning teen Nieu-Seeland oorskadu.

Dit is natuurlik nie die eerste keer wat so 'n verbyvlug uitgevoer is nie. Die eerste groot vreugde-verrassingsvlug het tydens die Wêreldbekereindstryd op Ellispark in 1995 plaasgevind.

Daardie dag in 1995 op Ellispark was dit 'n aangename verassing, met kaptein Laurie Kay in beheer. Die vlugte oor die DHL stadion in Kaapstad was, om die minste te sê, vir sekere toeskouers benouend.

Sedert die 1995-verbyvlug het dit reeds by verskeie sportgeleenthede gebeur dat 'n passasiersvliegtuig oor die sportstadion vlieg.

Sulke verbyvlugte was ook nie altyd positief nie. Op 12 September 1981 het die sogenaamde Meelbomtoets in Auckland in Nieu-Seeland plaasgevind. Tydens die derde rugbytoets in Auckland tussen Nieu-Seeland en Suid-Afrika het twee mans in 'n eenmotorige Cessna-vliegtuig 80 minute lank heen en weer oor die veld en die skare gevlieg. Meelbomme is met elke oorvlug op die rugbyspelers afgegooi. Dreigemente is ook vooraf geuiter dat die vliegtuig in die pawiljoen kon vasvlieg. Gelukkig het dit nie gebeur nie, maar die herinneringe aan daardie dag is blywend.

Om 07:15 op Saterdagoggend 5 September word 'n kort klankbeeld van daardie dramatiese gebeure in 1981 op Pretoria FM uitgesaai. Dit is saamgestel deur Heinrich Marnitz. **N**





# Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

## Nuut op die rak




### *Blinde kol*

**– Martin Steyn**

**R360, LAPA**

Ek wil met Karla praat of ek skiet almal dood.

Dis wat die jong man sê nadat hy sy pad by 'n dameskoshuis ingeskiet het. Minstens twee meisies lê dood voor die ingang. Niemand weet hoeveel daar nog aan die binnekant is nie. Maar die polisie weet hy het gyselaars.

Hoekom het hy juis vir AO Karla Blanckenberg (*Losprys*) gevra? Nie sy of die ander lede van haar gyselaar-onderhandeling span herken hom nie.

Intussen arriveer AO Colin Menck (*Donker Spoor, Skuldig*) ook op die toneel. Met 'n dogter wat self 'n student is, voel die situasie heeltemal te persoonlik.

Terwyl Blanckenberg die jong man se binnewêreld probeer ontsluit, grawe Menck in sy verlede om uit te vind wat hom tot hierdie punt gedryf het. Maar hoe meer hulle leer, hoe meer onvoorspelbaar raak die situasie, en hoe groter die lewensgevaar vir die betrokkenes.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Uitvou en Speel Pophuis*

**– Ingela P. Arrhenius & Bouncy Ball.**
**Illustreerder: Ingela P. Arrhenius**




**R450, Bouncy Ball**

'n Uitvouboek met karakters, 3D-meubels en plakkers!

Bêre die uitdrukstukke in die stewige laaitjie en speel net waar jy wil. Skandeer die kode vir 'n maklik-om-te-volg instruksieblad met monteringsvideo's wat jou sal help om die meubels te bou.

Omskep hierdie wonderlike uitvouboek in 'n pragtige 3D-pophuis met karakters wat regop kan staan, asook meubels en kleurvolle plakkers waarmee jy elke kamer kan versier. Daar is uitdrukkarakters, meubelstukke om te bou en plakkers om die huis jou eie te maak.

Versier die kombuis, badkamer, sitkamer en slaapkamer presies soos jy daarvan hou! Omskep die boek in jou eie persoonlike pophuis en geniet ure se kreatiewe speelpret.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *My gunsteling gebedsjoernaal*

**– LUCA**

**R150, LUCA**




*My gunsteling gebedsjoernaal* is 'n pragtige metgesel vir jou stiltetyd, met nuttige notas oor gebed gebaseer op die Woord. Hierdie joernaal moedig nadenke oor dankbaarheid, voorbidding, gebedsversoeke en Bybelverse aan om die leser tot 'n dieper verhouding met die Here te lei.

Met elegante blomontwerpe, 'n SOS-Skrifgids, 'n lys van gebede uit die Bybel en plek om beantwoorde gebede aan te teken, sal hierdie kreatiewe joernaal gelowiges inspireer en motiveer in hul daaglikse gesprekke met God.

Beleef hernude hoop, vrede en doelgerigtheid terwyl jy jou gebedslewe verkwik en die herstellende krag van gebed ervaar.

Hierdie joernaal is die ideale geskenk vir jouself of 'n geliefde.

"Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra." – Jeremia 29:12-13

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

| | |
|---|---|
| **10** | ***'n Ierse Knoop*** – Elsa Winckler |
| **9** | ***Enigma*** – Rudie van Rensburg |
| **8** | ***My hart klop so*** – Rachelle Fourie |
| **7** | ***Bethulie*** – Rensche van der Walt |
| **6** | ***Van man tot man*** – Olive Schreiner |
| **5** | ***Blinde kol*** – Martin Steyn |
| **4** | ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse |
| **3** | ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert |
| **2** | ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks |
| **1** | ***Op Lig*** – Thilde Nel |

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

### *Wie het Blinde kol geskryf?*

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 07 September 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 28 Aug 2026 se boekekompetisie is:**
**Allen Grove, Kempton Park**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

# Ouma Smuts en die Oubaas

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Selfs vandag nog ontlok Jan Smuts se naam sterk menings onder Afrikaners. Daar was, en is, diegene wat hom as 'n volksverraaier beskou, en dan is daar ander wat glo dat die man eenvoudig briljant was en insig in wêreldsake gehad het wat sy tyd ver vooruit was.

Sy vrou, Isie, is egter 'n heeltemal ander saak: Daar is min mense wat aan iets slegs kan dink om van ouma Smuts te sê. Sy was eintlik geliefd ver buite die grense van die land: Op haar 74ste verjaarsdag in 1944 het selfs Hollywoodsterre soos John Gielgud, Gracie Fields en Joan Crawford vanuit Amerika en Brittanje vir 'n uur lank haar deugde besing in 'n uitsending wat ook in Suid-Afrika uitgesaai is. Die sterre het haar "The little grandmother of the world" genoem, en deur die uitsending gevra dat daar bydraes tot ouma Smuts se Gifts and Comforts Fund gemaak moes word, 'n fonds wat sy gestig het om te sorg dat "haar" seuns en dogters geen gebrek sou ly terwyl hulle aan die oorlog deelneem nie. Meer as 76 000 pond is so op daardie dag ingesamel. Vir haar was een van die spesiaalste boodskappe die een van pres. Roosevelt, van wie sy gesê het dat sy nie kan glo dat so 'n belangrike en besige man tyd gehad het om aan haar te dink nie.

***Sy was net 'n klein, fyn Boerevroutjie met 'n ruggraat van staal...***

Daar was niks besonders aan Isie Smuts se voorkoms nie: Sy was net 'n klein, fyn Boerevroutjie met 'n ruggraat van staal en 'n bos grys krulhare wat sy kort gedra het.

Isie was self besonder intelligent en was een van min vroue van haar tyd wat verder gaan studeer het. Sy kon blykbaar vlot Grieks, Duits, Frans, Hollands, Engels en Afrikaans praat en het in later jare ook haar man se boeke in Engels vertaal.

Die twee het mekaar al 10 jaar geken voordat Jan, wat op daardie stadium in Johannesburg as regsgeleerde gepraktiseer het, op 'n dag besluit het hy dat hy nie langer kan wag nie: Hy het eenvoudig op 'n trein geklim en onverwags by Isie se ouerhuis in Stellenbosch opgedaag, waar hy binne 'n paar dae 'n huwelikslisensie gekry en 'n ou vriend oorreed het om hulle in haar ouers se voorhuis in die huwelik te bevestig!

Hulle was mekaar se sielsgenote: Wanneer Jan se openbare lewe hom begin druk het, was die kalm, rustige Isie daar om sy voete weer te anker. Sy het hom verstaan en die ruimte gegun om homself te wees. By Doornkloof kon hy rus vir sy siel vind, en in sy vrou het hy die liefde en aanvaarding gekry wat hom kon kalmeer sodat hy die stres van sy werk kon hanteer.

Sy het hom met deernis Oubaas genoem.

Vanweë sy werk en sy gedurige reise was daar baie moeilike omstandighede in haar lewe wat sy alleen moes hanteer. Hulle eerste kinders, 'n tweeling, is doodgebore ongeveer 'n jaar na hulle troue. 'n Seuntjie, Kosie, is daarna gebore. Tydens die Anglo-Boereoorlog het Isie dikwels vir maande aanmekaar nie eens geweet waar haar man was nie – sy is deur die Engelse na Pietermaritzburg gestuur waar sy, haar 11-jarige suster en Ella de Wet, 'n vriendin, onder huisarres

*Na bladsy 16*



*Jan en Isie Smuts met hulle dogtertjie, Santa, wat kort ná die oorlog gebore is. [Foto: Ouma Smuts, The First Lady of South Africa]*



*Isie Smuts was altyd aan die brei of handwerk doen. [Foto: Ouma Smuts, The First Lady of South Africa]*

# Ouma Smuts en die Oubaas (vervolg)

*Van bladsy 16*

moes lewe. Toe die 16 maande oue Kosie skielik oorlede is, kon sy ook nie die nuus, of haar hartseer, met haar man deel nie, want sy het nie kontak met hom gehad nie.

Vir Isie was haar man, 6 oorlewende kinders en die groot ou blikhuis op Doornkloof (by Irene) al wat sy nodig gehad het om gelukkig te wees. Toe hy die premier was, was hulle ampswoning eintlik die statige Libertas, maar Isie was nooit gemaklik daar nie en het verkies om liewer in haar eie huis te woon. Selfs belangrike besoekers, soos die Britse koningsgesin in 1947, is daar ontvang met baie warmte en gasvryheid. Sy het ook nie graag saam met Jan Kaap toe gegaan vir parlementsittings nie – die kinders moes skoolgaan en sy het verkies om so normaal as moontlik met haar lewe aan te gaan.

Isie was ná die Anglo-Boereoorlog vir 'n tyd lank baie verbitterd teenoor die Britte, maar het later, soos haar man, begin voel dat die verlede afgelê moet word sodat die fokus op 'n beter toekoms kon val. Ten spyte van haar teensinnigheid om in die kollig te lewe, het sy nie gehuiwer om op 'n praktiese wyse haar man by te staan deur oral op die platteland mense te gaan ontmoet en toesprake te hou nie. Haar warmte en egte menslikheid het vir hom baie ondersteuning gewen – sy het die vermoë gehad om werklik tot mense deur te dring, en sy is dikwels gesien met 'n baba op die heup terwyl sy met die vroue om haar staan en gesels oor moederskap, kinders en armoede.

Haar man se vyande was ook nie noodwendig haar vyande nie: Sy en mev. Hertzog was byvoorbeeld van skooldae af vriendinne, en het blykbaar dikwels saam in die openbare galery van die Volksraad gesit en luister hoe hulle mans mekaar aanval. Vir hulle was dit vermaaklik!

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het sy selfs haar teensinnigheid om oorsee te gaan laat vaar omdat sy self wou gaan kyk hoe dit met "haar" seuns en dogters gaan, en hulle persoonlik wou gaan ondersteun. Orals is sy met liefde en dankbaarheid ontvang, en die soldate van ander nasies was blykbaar dikwels jaloers omdat die Suid-Afrikaners 'n ouma Smuts gehad het wat vir hulle kom kuier het. Sy was altyd aan die brei of handwerk doen, en in Suid-Afrika was die hele land se vroue saam met haar aan die brei sodat die manne wat geveg het genoeg warm sokkies kon hê! Die vegtendes het ook gereeld lekkernye en ander benodighede gekry om hulle te bemoedig.

Ouma Smuts het eenvoudig die soort van egtheid en warmte gehad wat harte gewen het waar sy ook al gegaan het.

Die Smutsgesin het vir 40 jaar gelukkig op Doornkloof gewoon, en dit is waar beide Jan en Isie ook oorlede is: Jan in 1950, en sy Isie vier jaar later op 83-jarige ouderdom. Albei se as is op die koppie agter die huis gestrooi.**N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



# Nêrens om heen te gaan nie...

7VOOR7

Dr. Thomas Dreyer
*van die Nederduits Hervormde Kerk Malelane*

In Eksodus 14 vind ons die Israeliete op 'n plek waar alles verlore lyk. Voor hulle lê die Rietsee. Agter hulle haal die Egiptiese leër in hulle nekke asem. Links en regs is daar geen ontsnappingsroete nie. Hulle is vasgekeer.

Dalk ken jy ook daardie gevoel. 'n Krisis staar jou in die gesig. Die druk by die werk neem toe. Finansiële uitdagings raak oorweldigend. 'n Verhouding verkeer onder spanning. Jy kyk rondom jou en wonder: Waarheen nou? Wat is die uitweg?

Die Israeliete se reaksie is baie menslik. Hulle begin kla. Hulle verlang selfs terug na Egipte. Skielik sou hulle eerder as slawe leef as om in hierdie omstandighede te verkeer. Die druk van die oomblik laat hulle vergeet hoe God hulle tot op daardie punt gedra het.

Hoe maklik gebeur dit nie ook met ons nie! Wanneer die druk toeneem, begin ons soms glo dat God ons vergeet het. Ons fokus so op die probleem dat ons die Here uit die oog verloor.

Maar dan gebeur iets merkwaardig. God maak 'n pad waar daar geen pad was nie. Nie een van die Israeliete sou ooit kon dink dat die see self sou oopgaan nie.

Dit herinner ons daaraan dat God ons nooit na 'n plek lei waar sy genade en sorg nie teenwoordig is nie. Wanneer ons vasgekeer voel, beteken dit nie dat God sonder planne is nie. Dit beteken net dat ons nog nie sien wat Hy reeds voorberei het nie.

Dit is daarom belangrik dat ons versigtig sal wees oor hoe ons dink en wat ons sê wanneer ons onder druk verkeer. Woorde van wanhoop en vrees kan maklik ons aandag wegtrek van God se teenwoordigheid. Laat ons eerder kies om ons vertroue in Hom te plaas.

Miskien staan jy vandag voor jou eie "Rietsee". Onthou dan: Dieselfde God wat 'n pad deur die water gemaak het, is steeds aan die werk. Hou jou oë op Hom. Die uitweg wat Hy voorberei, mag dalk anders lyk as wat jy verwag, maar dit sal op die regte tyd sigbaar word. **N**



## #vrydagfeite

Meer as 100 jaar gelede het die Duitse sielkundige Wolfgang Köhler 'n eksperiment gebruik om te wys dat sjimpansees probleme spontaan kan oplos sonder om eers baie verskillende goed te probeer. 'n Nuwe studie het onlangs gewys dat hommelbye dieselfde vermoë het. Dié bye moes self uitwerk dat hulle 'n klein skuimbal onder 'n blou blom moes inrol en daarop klim om by 'n suikerbeloning uit te kom. Hierdie oplossing was vir die bye heeltemal nuut.

Die bevinding wys al is die insek se brein klein, het dit die vermoë om by omgewings aan te pas en doelwitte te bereik. Op die lang termyn kan dié vermoë bye en ander bestuiwers help om by veranderende omgewings en landskappe aan te pas.**N**




*[Foto: facebook.com/neurofisiopsico]*



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Een van die vaders van die kamera, George Eastman, het vandag in 1888 die Kodak-handelsmerk geregistreer. Hy het destyds sy gewilde bokskameras vir $1 stuk verkoop met die leuse: "You press the button, we do the rest."

Op 4 September 1939 het Suid-Afrika hom gevoeg by die lande wat oorlog teen Duitsland verklaar het. Dit was 'n omstrede kwessie hier te lande. Eerste Minister Hertzog het geglo Suid-Afrika moes neutraal bly, maar tydens 'n stemming in die Volksraad het hy met 67 stemme teenoor 80 verloor. Hertzog het onmiddellik bedank waarna genl. Jan Smuts premier geword en verklaar het dat Suid-Afrika in 'n staat van oorlog met Duitsland verkeer het.


Die joernalis en bekroonde skrywer Gideon Joubert sou vandag 103 jaar oud gewees het. Hy is in 2010 oorlede. Joubert het ná jare se diepgaande wetenskaplike studie sy gewilde boek Die Groot Gedagte, wat die oorsprong van die heelal ondersoek, gepubliseer.

Sergei Brin en Larry Page het vandag in 1998 die Amerikaanse tegnologiemaatskappy Google gestig. Hierdie maatskappytjie is vandag meer as vier triljoen dollar werd.

Om mee af te sluit: Die Australiese wildkenner, TV-persoonlikheid en omgewings-bewaarder Steve Irwin, The Crocodile Hunter, is op 4 September 2006, vandag 20 jaar gelede, dood nadat 'n pylstert wat hy besig was om te verfilm, hom gesteek het. **N**



*George Eastman [Foto: history.com]*



*J. B. M. Hertzog [Wikipedia]*




*Gideon Joubert [Foto: Kerkbode]*




*Sergei Brin en Larry Page*

# ASTRAL FOODS (JSE - ARL)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**
**Astral Foods** is 'n groot pluimveeprodusent in Suid-Afrika.

**Kernbevinding**
'n Moontlike dalendewigformasie (moontlik positief) hou beleggers sku

Wat is 'n dalende wig? 'n Dalende wig is 'n tegniese patroon wat vorm wanneer die prys oor tyd afbeweeg, maar die tempo van die daling al hoe stadiger raak, sodat die twee tendenslyne van bo en onder na mekaar toe begin beweeg. Dit beteken dat die mark nog laer hoogtepunte en laer laagtepunte maak, maar elke nuwe laagtepunt is minder aggressief as die vorige een. Hierdie saamdruk van prysbewegings wys dat verkopers se krag besig is om uit stoom te loop, terwyl kopers stadig meer momentum opbou. Wanneer die prys uiteindelik bo die boonste weerstandslyn uitbreek, word dit gewoonlik gesien as 'n positiewe sein dat die afwaartse beweging sy einde bereik het en dat 'n moontlike ommekeer na 'n opwaartse tendens kan begin.

Die MACD-indikator sal bo die zerolyn opwaartse momentum bevestig. Die MACD (Moving Average Convergence Divergence) is 'n momentum indikator wat die verhouding tussen twee eksponensiële bewegende gemiddeldes (EMA's) meet. Dit word gebruik om tendensrigting, tendenssterkte en moontlike omkeerpunte te identifiseer.

Bo lyn A (R199,00) kan die formasie na bo breek, en indien momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel dalk mettertyd na R219,74 beweeg.

Onder R190,56 kan die aandeel laer, die positiwiteit van die tafel vee, en moontlike teikens na onder is: R189,33; R189,00; R188,67; R187,32; R186,67; R185,23; R184,22; R183,78; R182,10 en R181,00.

Ignoreer die aandeel onder R190,56.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R199,00), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R190,56 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R201,77; R202,01; R202,51; R203,78; R205,10; R206,44; R207,88; R209,56; R211,56; R212,54; R213,87; R214,70; R215,29; R216,72; R217,63; R219,74; R221,43; R223,79; R225,42; R227,44; R229,17; R231,51; R233,22; R235,69; R236,87; R238,40; R240,11 en R242,00.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulante. Verhoog blootstelling bo R212,80, maar gebruik dan R207,24 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R211,67) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk na: R201,77; R202,01; R202,51; R203,78; R205,10; R206,44; R207,88; R209,56; R211,56; R212,54; R213,87; R214,70; R215,29; R216,72; R217,63; R219,74; R221,43; R223,79; R225,42; R227,44; R229,17; R231,51; R233,22; R235,69; R236,87; R238,40; R240,11 en R242,00.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo R199,00, maar gebruik R190,56 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**
Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder*
*verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Administrasie

**Algemene Administrasie Klerk** - Quality Bedding (Pty) Ltd | Boltonia, Krugersdorp | Sluitingsdatum: 07/09/2026

**Administratiewe Assistent** - Access Pharma | Centurion | Sluitingsdatum: 11/09/2026

**Payroll & HR Administrator** - Ons Tuis | Pretoria | Sluitingsdatum: 11/09/2026

## Ambag

**Passer en Draaier** - ABC Hansen Africa | Samcor Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 05/09/2026

**Apprentice Technician** - Finding Personnel | Johannesburg | Sluitingsdatum: 09/09/2026

**SAQCC Brand Toerusting Tegnikus** - Maintenance Risk Solutions | Wonderboom South, Pretoria | Sluitingsdatum: 10/09/2026

**Opwindende Millwright Geleentheid in Nederland** - AristoSourcing | Nederland | Sluitingsdatum: 11/09/2026

**Operateur / Algemene werker** - C&C Safety Glass | Alrode, Alberton | Sluitingsdatum: 11/09/2026

**Jong persoon met tegniese ingesteldheid en handvaardighede** - Aero Creations | Clubview, Centurion | Sluitingsdatum: 10/09/2026

## Bestuursposte

**Restaurant Manager** - Bambanani Recruitment | Limpopo | Sluitingsdatum: 05/09/2026

**Algemene Bestuurder** - Techneco (Edms) Bpk | Waltloo, Pretoria | Sluitingsdatum: 11/09/2026

**Assistent Produksie Bestuurder (Macadamia)**- Staffworx | Malelane, Mpumalanga | Sluitingsdatum: 11/09/2026

## Finansies

**Rekenmeester** - FHBC (Wellington) (Pty) Ltd | Wellington | Sluitingsdatum: 07/09/2026

**Account Executive (Key Accounts)**- Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 09/09/2026

## Internskappe

**Administratiewe Internskap (ETDP-SETA)** - Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) | Garsfontein, Pretoria | Sluitingsdatum: 06/09/2026

## Kleinhandel/Winkelpersoneel

**Counter Sales** - ARB Electrical Wholesaler Pretoria West | Pretoria West | Sluitingsdatum: 07/09/2026

**Junior Shop Assistant** - African Gems and Minerals Montague Gardens | Cape Town | Sluitingsdatum: 08/09/2026

## Konstruksie

**Quantity Surveyor** - Sutha Staffing Solutions | Polokwane | Sluitingsdatum: 10/09/2026

**Konstruksie Voorman Centurion** - Staffworx | Centurion | Sluitingsdatum: 11/09/2026

## Kommunikasie & Bemarking

**Solidariteit - Veldtogkoördineerder** - Solidariteit | Kloofsig, Centurion | Sluitingsdatum: 11/09/2026

## Tegnikus

**Wildlife Control Technician** - STS Environmental (Pty) Ltd | Kathu | Sluitingsdatum: 11/09/2026

## Verpleeg

**Registreerde Verpleegkundige** - Hyams Capital Primary Healthcare Doctors | Menlyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 05/09/2026

**Staff Verpleegster (Enrolled Nurse)**- Ons Tuis | Parys | Sluitingsdatum: 11/09/2026

**Geregistreerde Verpleegster (Registered Nurse)**- Ons Tuis | Parys | Sluitingsdatum: 11/09/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Titaniese stryd tussen reuse om die voortou

Die Springbok-afrigter, dr. Rassie Erasmus, het vir die derde Castle Lager Double Malt Rugby's Greatest Rivalry-toets teen Nieu-Seeland môre by die FNB-stadion in Soweto, grotendeels dieselfde span behou, met slegs 'n paar veranderinge aan sy beginspan.

Ox Nché, Wilco Louw en Malcolm Marx is terug in die beginvoorry, terwyl Gerhard Steenekamp, Thomas du Toit en Deon Fourie na die plaasvervangerbank skuif. Damian Willemse is weens 'n besering nie beskikbaar nie, wat aan Cheslin Kolbe die geleentheid gee om op heelagter te begin en Kurt-Lee Arendse wat na vleuel skuif.


Erasmus sê die doel is om meer kontinuïteit in die spelerkombinasies gedurende die reeks te behou. Hy verwag egter dat die All Blacks ná die Springbokke se 33-26-oorwinning verlede naweek met meer intensiteit sal speel.

Die oorwinning tydens die tweede toets het die reeks 1-elk gelykop gemaak, en Erasmus is van mening dat Nieu-Seeland desperaat sal wees om voor die laaste toets volgende week in die VSA die voortou te neem.

Erasmus het ook verduidelik dat die laat veranderinge aan die voorry verlede week in Kaapstad weens die veranderende weerstoestande gemaak is, terwyl die toestande in Johannesburg hierdie naweek 'n ander benadering moontlik maak. Hy het groot lof gehad vir die plaasvervangers wat verlede week onder heelwat druk presteer het.

Die toets by die FNB-stadion beloof om 'n intense kragmeting te wees, met die wenner wat 'n 2-1-voorsprong in die reeks sal hê. Volgens Erasmus sal die groot tuisskare, wat op 'n goeie dag tot 80 000 ondersteuners kan wees, ook tot die atmosfeer bydra.

Die staatmakerslot Eben Etzebeth sal intussen sy rekord as die Springbok met die meeste toetswedstryde verder verbeter wanneer hy vir sy 145ste toets uitdraf. Siya Kolisi, Pieter-Steph du Toit en Jasper Wiese kan ook 'n nuwe rekord opstel vir die losvoorspelerkombinasie met die meeste gesamentlike toetse in die beginspan.




Die Springbokke het ses van hul laaste agt wedstryde teen die All Blacks gewen. Die twee keer tevore toe hulle teen mekaar op die FNB-stadion te staan gekom het, in 2010 en 2012, het Nieu-Seeland albei wedstryde gewen.

Die wedstryd skop om 17:10 af.

*(Vir die Springbokspan teen die All Blacks gaan na bladsy 22)*

# Titaniese stryd tussen reuse om die voortou (vervolg)

*Van bladsy 21*

**Springbokspan teen die All Blacks (teen saktyd):**

1 Ox Nché,
2 Malcolm Marx,
3 Wilco Louw,
4 Eben Etzebeth,
5 Ruan Nortje,
6 Siya Kolisi (k),
7 Pieter-Steph du Toit,
8 Jasper Wiese,
9 Cobus Reinach,
10 Sacha Feinberg-Mngomezulu,
11 Ethan Hooker,
12 Damian de Allende,
13 Jesse Kriel,
14 Kurt-Lee Arendse,
15 Cheslin Kolbe

**Plaasvervangers:**

16 Deon Fourie,
17 Gerhard Steenekamp,
18 Thomas du Toit,
19 Lood de Jager,
20 André Esterhuizen,
21 Cameron Hanekom,
22 Morné van den Berg,
23 Manie Libbok

Intussen sal die Springbok-vrouespan vóór die mans se kragmeting op die FNB-stadion in 'n geskiedkundige toets teen die Black Ferns van Nieu-Seeland speel. Dié wedstryd sal die eerste toets tussen dié twee spanne op eie bodem wees.

Hierdie kragmeting sal ook 'n herhaling van die kwarteindstryd van verlede jaar se Vroue Rugbywêreldbeker in Engeland wees, waar die Nieu-Seelanders die Suid-Afrikaners met 46-17 geklop het.

Die Bok-vrouekaptein, Babalwa Latsha, wat die eerste drie teen die Black Ferns in die Wêreldbekerkragmeting gedruk het, sê die herinneringe aan daardie kwarteindstryd is steeds vars. Die meerderheid spelers van die huidige groep was by daardie wedstryd betrokke en is volgens haar gereed vir nog 'n uitdaging teen die wêreldkampioene.

Hierdie kragmeting skop om 13:00 af.



**Springbok Vrouespan teen die Black Ferns (teen saktyd):**

1 Sanelisiwe Charlie
2 Lindelwa Gwala
3 Babalwa Latsha (k)
4 Vainah Ubisi
5 Danelle Lochner
6 Sizophila Solontsi
7 Catha Jacobs
8 Aseza Hele
9 Unam Tose
10 Libbie Janse van Rensburg
11 Ayanda Malinga
12 Aphiwe Ngwevu
13 Zintle Mpupha
14 Alichia Arries
15 Byrhandré Dolf

**Plaasvervangers:**

16 Anushka Groenewald
17 Yonela Ngxingolo
18 Nombuyekezo Mdliki
19 Nomsa Mokwai
20 Shiniqwa Lamprecht
21 Logan Welman
22 Anacadia Minnaar
23 Maceala Samboya

# Swys de Bruin bedank as Springbok-vroueafrigter

Swys de Bruin het vandeesweek glo as hoofafrigter van die Springbok-vroue bedank ná 'n geskil met SA Rugby (SARU).

Volgens Rapport het De Bruin reeds sy pos verlaat en is hy nie betrokke by die span se voorbereiding vir Saterdag se geskiedkundige toets teen die Black Ferns op die FNB-stadion nie.

In sy afwesigheid het die Springbok-vroue die hulp van Melusi Mthethwa, assistentafrigter van die Junior Springbokke, ingeroep met Laurian Johannes-Haupt en Franzel September wat sal voortgaan as medehoofafrigters ná De Bruin se aankondiging.

De Bruin se vertrek volg nadat hy die Springbok-vroue verlede jaar na hul beste Wêreldbeker-veldtog nóg gelei het. Suid-Afrika het vir die eerste keer die kwarteindronde van die Wêreldbekertoernooi gehaal, voordat Nieu-Seeland hulle uitgeskakel het. De Bruin sou na verwagting tot en met die 2029-Wêreldbekertoernooi in Australië in beheer bly.



*Swys de Bruin*

Die geskil met SARU hou glo verband met wenbonusse vir die span se toere na Afrika en Fidji, wat De Bruin nie persoonlik bygewoon het nie, maar hy voer aan dat hy steeds op die bonusse geregtig was.

Daar word ook beweer dat De Bruin ongelukkig was oor vermeende inmenging tydens sy termyn as afrigter.

Die ervare afrigter beplan nou om by skolerugby betrokke te raak.

# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN WOLLIES EN WETNOSE



**Datum:**
**7 Oktober 2026**

**Plek:**
**Wingate Park Country Club**

## *Skryf jou span vandag in!*

**Span van**
**4 spelers**

**R4 000**
**per span**

**Kos vir die dag**
**ingesluit**

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

*Elke inskrywing help om die belangrike werk van Wollies en Wetnose te ondersteun en 'n verskil te maak.*

*Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!*

WETNOSE
Animal Rescue Centre

Wollies
Animal Shelter NPC

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na:

**adverteer@pretoriafm.co.za**

Pretoria FM
hoop, glo, leef
in Afrikaans

# UJ bo na JHB-derby




UJ is na vier rondtes bo aan die Varsity Netbal 2026-punteleer nadat hulle Maandag vir Wits met 58-50 geklop het, terwyl UP-Tuks hul tweede agtereenvolgende oorwinning in Bloemfontein behaal met 'n oortuigende 66-40-sege oor Maties.

Die verdedigende kampioene, die NWU Arende, het die vierde rondte afgesluit met 'n spannende 50-48-oorwinning oor UV Kovsies, in 'n herhaling van die 2025-eindstryd. Intussen het SUT geskiedenis gemaak deur die Madibaz met 41-36 te verslaan vir hul eerste oorwinning ooit in die Varsity Netbal-reeks.

Hierdie week sal daar slegs een rondte se aksie wees wat komende Sondag by die Wits-sportsaal plaasvind waarna die volgende twee rondtes in Pretoria beslis sal word.

UJ (16), Kovsies (13), NWU (12) en Tuks (10) neem tans die voortou op die punteleer. Wits (8) en Maties (6) lê tans in die vyfde en sesde plek en sal hard moet werk vir 'n plek in die uitspeelwedstryde. SUT (5) is in die sesde plek met een oorwinning agter die blad en die Madibaz (1) is heel onder aan die punteleer nadat hulle nog nie 'n wedstryd kon wen nie. **S**

**Bepalings vir rondte 5 op Sondag 6 September:**

13:00 Wits teen Maties

15:00 UJ teen UV Kovsies

17:00 SUT teen NWU Arende

19:00 Madibaz teen UP-Tuks

# Moenie oor my huil nie, Argentinië – Messi


Argentinië se sokkerlegende, Lionel Messi, het vandeesweek sy uittrede uit internasionale sokker aangekondig en sê die tyd het aangebreek om sy loopbaan by die nasionale span af te sluit.

Die 39-jarige Messi, wat Argentinië in 2022 tot Wêreldbekerglorie aangevoer het, sluit sy internasionale loopbaan af as die land se speler wat die meeste doele al ooit aangeteken het, asook die speler met die meeste wedstryde agter die blad. Hy het 125 doele aangeteken in die 207 keer wat hy vir Argentinië uitgedraf het.




Messi sê hy het alles vir die nasionale span gegee en dat daar nou "niks meer oor is om te gee nie". Hy het ook daarop gewys dat 'n nuwe geslag talentvolle jong spelers gereed staan om hul kans te kry.

Messi, wat die gesogte Ballon d'Or al agt keer ontvang het, het onthul dat hy reeds op 21 Julie sy afskeidsboodskap geskryf het, twee dae nadat Argentinië die Wêreldbeker-eindstryd teen Spanje verloor het. Ná die afsterwe van sy pa, Jorge Messi op 8 Augustus vanjaar, was hy is selfs meer oortuig van sy besluit.



Messi het in 2005 sy internasionale debuut gemaak en ondanks 'n moeilike begin, het hy ontwikkel tot een van die beroemdste spelers in die geskiedenis van die sport. Hy het Argentinië na 'n Wêreldbekertitel en twee Copa América-titels gelei.

Sy klubloopbaan gaan egter voort by Inter Miami in die Major League Soccer-toernooi waar sy kontrak tot aan die einde van die 2028-seisoen duur.

Messi tree ook uit as die doelskopper met die tweede hoogste aantal doele in Wêreldbekergeskiedenis met 21 doele, kort op die hakke van Kylian Mbappé se 22, terwyl hy tweede op die lys van alle internasionale doelskoppers is met 125 doele, agter Cristiano Ronaldo se 146. **S**

# Grobbelaar verleng verbintenis met Vodacom Bulls

Die Vodacom Bulls het die sluier gelig oor hul langtermynplanne vir stabiliteit in die voorry nadat die Springbokhaker Johan Grobbelaar sy kontrak by die Pretoria-span tot 2030 verleng het.

Grobbelaar is 'n belangrike deel van die Bulls se voorspelergroep, en sy nuwe kontrak beklemtoon die franchise se doelwit om sy kern van internasionale gehalte-spelers te behou, terwyl hulle in die Vodacom Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) en Investec Kampioenebeker meeding.

Die 28-jarige Grobbelaar het stelselmatig deur die Bulls se strukture gevorder nadat hy in 2017 sy debuut in die senior span gemaak het. Die oudleerling van Paarl Gimnasium het sedertdien meer as 100 wedstryde in die ligblou trui gespeel en hom gevestig as een van die span se betroubaarste en mees dinamiese hakers.

Sy sterk vertonings op plaaslike en internasionale vlak het hom ook 'n plek in die Springbokgroep besorg.

Die Blou Bulle Maatskappy se uitvoerende hoof, Edgar Rathbone, het Grobbelaar se waarde vir die franchise beklemtoon en hom beskryf as 'n natuurlike leier en 'n speler wat jaar ná jaar op die hoogste vlak presteer.

Rathbone sê Grobbelaar se besluit om sy beste jare tot 2030 by Loftus Versfeld deur te bring, is 'n belangrike verklaring van die Bulls se ambisies vir die toekoms.

"Grobbies" sal dus vir die afsienbare toekoms 'n sleutelrol in die Bulls se pak bly speel, met die span wat om trofeë in Suid-Afrika en Europa meeding. S



*Johan Grobbelaar*

# Kimberley en Bloem huisves CB-uitspeelwedstryde

Die Suzuki Griekwas en Toyota Cheetahs het tuisveldvoordeel vir hierdie naweek se Carling Curriebeker-halfeindstryde nadat die rondomtaliewedstryde verlede naweek afgehandel is.

Die Griekwas, wat bo aan die punteleer geëindig het, sal komende Sondag om 13:00 in Kimberley teen die Fidelity ADT Lions te staan kom, terwyl die Cheetahs om 15:30 in Bloemfontein teen die Airlink Pumas uitdraf.

Die Lions het verlede naweek in Johannesburg hul plek in die topvier met 'n oortuigende 36-12-oorwinning oor die DHL Stormers bespreek. Die tuisspan het vroeg die voortou geneem en teen rustyd met 15-0 voorgeloop, voordat hulle die wedstryd met vyf drieë beklink het.

Die Pumas het ook hul halfeindstrydplek met 'n indrukwekkende vertoning beklink toe hulle die Cheetahs in Nelspruit met 52-26 geklop het. Die tuisspan het altesaam agt drieë gedruk nadat hulle teen rustyd met 28-7 voorgeloop het.

Die Griekwas het intussen hul plek bo aan die punteleer verseker met 'n 48-17-oorwinning oor die Sanlam Boland Kavaliers in Wellington. Boland het aanvanklik goed verdedig en was teen rustyd 19-17 agter, maar die Griekwas het ná rustyd met nuwe ywer ingeklim en 29 onbeantwoorde punte aangeteken.




Die Hollywoodbets Sharks XV het ook 'n groot oorwinning behaal deur die Vodacom Bulls in Durban met 53-22 verslaan. Die Sharks het agt drieë gedruk, vier daarvan deur die Zimbabwiese flank Tino Mavesere, maar die eindtelling was nie genoeg om hulle in die topvier te plaas nie.

Die Griekwas eindig hul seisoen in die eerste plek met 31 punte, gevolg deur die Cheetahs met 27, die Pumas met 22 en die Lions met 20 punte. Die Sharks XV het in die vyfde plek op die punteleer geëindig met 18 punte, terwyl die Kavaliers en Stormers albei 16 punte het. Die Bulls is heel onder aan die punteleer met ses punte. S